*Dinsdag* **11 Maart**

**Skrifgedeelte: Psalm 118: 19-29( AFR83)**
**Fokusgedeelte: Psalm 118:22, 29**
**Die Here is goed, aan sy liefde is geen einde nie!**

Die hoogtepunt van Psalm 118 se vreugdesange begin by die derde en laaste lofprysing in vers 22. Die kern van hierdie beurtsang kom by die belydenis in vers 27: “Die Here is God.” Die lied word dus afgesluit deur God te loof vir die wonder wat Hy verrig het. God het teen alle verwagting in van ’n klip wat deur die bouers weggegooi is, ’n hoeksteen gemaak.

Dit wat vir die mense onbruikbaar voorgekom het, is deur God verhef tot iets waardevol. Die uitkoms van God se werk lyk toe heel anders as wat mense verwag het. Die klip word toe die hoeksteen!

Dit laat ons dink aan iets soos ’n sluitsteen, wat heel laaste bo in ’n koepelkonstruksie ingevoeg word om die hele gebou stewig aanmekaar te hou. Hierdie beeld wys heen na die volk Israel wat ’n klein volkie was. Glad nie indrukwekkend gemeet teenoor die groot nasies van die wêreld nie. Nasies wat hulle eie rigting en lot probeer bepaal het. Tog roep God vir Israel om die nasies voor te berei op God se verlossingsplan. Hulle moes wys hoe alles perfek in mekaar pas.

Dis tog hartseer dat Israel hierdie posisie en plan skeef gesien en toegepas het. Ons hoor hoe Jesaja 28:16 hulle oproep om te verstaan dat God se verlossingsplan hulle sal bevry. Dis waarop hulle moet vertrou. Hy roep na bekering.

Hierdie oproep om op God se plan en sy bevryding te hoop en daarin te glo, geld vandag steeds. Dit is steeds ’n opdrag vir sy kerk. Jesus waarsku Self in Matteus 21:42 dat daar diegene is wat Hom sal verwerp. Vir die kerk van die Nuwe Testament is Hy egter die ware hoeksteen. Daarom loof ons die Here, want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie!

*Sing: Psalm 118-1:13, 14*

*Ds. CB (Christo) Swanepoel (Lyttelton)*